**Johan Fourie:**

12 Februarie 2017 05:01

**Hoekom kry kinders nie meer pak nie?**

Een van die stories wat my pa met genoegdoening vertel, gaan oor ’n pak slae wat hy as tiener gekry het. Hy en sy broer het een middag al die verekussings in sy ouerhuis in ’n enorme kussinggeveg stukkend geslaan. My oupa was so woedend dat hy hom en sy broer met ’n riem om die huis gejaag het. Ek is darem nooit om die huis gejaag nie, maar kon nie heeltemal “Klaargepraat” in die tweede laai ontsnap nie. Vandag het dinge selfs meer verander: Die meeste van my vriende met kinders verkies om nie hul kinders pak te gee nie; in skole is lyfstraf taboe. ’n Mens sou dink hierdie veranderende strafmaatreëls het hoofsaaklik met veranderende norme en waardes te doen of selfs beter onderwys of toegang tot inligting. Die Handves van Menseregte het tot wetgewing gelei wat lyfstraf verbied en tot sosiale stigma vir dié wat hul kinders in die openbaar pak gee. Een vraag is natuurlik of die afname in lyfstraf kinders se gedrag verander. Is kinders vandag meer dikwels stout omdat hulle nie pak kry nie? Ek is seker daar is ’n hele paar ouers wat hiermee sou wou saamstem. Dit is natuurlik nuttig om te onthou dat elke generasie voel asof die jonges skielik handuit ruk. In 1907 het ’n Cambridge-student die griewe van ouers in Antieke Griekeland so opgesom: “Kinders tiranniseer hul ouers. Hulle het swak maniere, minagting vir gesag, disrespek vir ouer mense en ’n liefde vir gesels in die plek van oefening.” Stout wees is beslis nie ’n nuwe verskynsel nie. Die interessanter vraag is natuurlik hoekom lyfstraf, ’n instelling wat duisende generasies al bestaan, skielik in hierdie eeu tot ’n (amperse) einde kom. Is dit bloot veranderende norme en waardes? En, indien wel, hoekom het hierdie norme en waardes skielik verander? Drie Amerikaanse ekonome het in ’n onlangse artikel vir die nasionale buro van ekonomiese navorsing (NBER) met ’n antwoord vorendag gekom: Volgens hul bevindinge gaan dit alles oor die bedingingsmag van gesinslede. Basies werk dit so: In die 20ste eeu, maar veral ná die Tweede Wêreldoorlog, het die toename in vroue se relatiewe inkomste tot groter mededinging tussen eggenote gelei vir die liefde en aandag van hul kinders. Dit is nou meer waarskynlik dat vroue heeltyds werk en daarom is die wedywering vir tyd saam met hul kinders ook groter. Waar ’n pak slae vroeër dalk jou voorland vir ’n onbesonne daad was, sal ouers nou eerder kinders se sakgeld weerhou of hul gedrag deur geskenke verander. Terselfdertyd het ’n afname in die grootte van gesinne mededinging tussen kinders verminder vir die bronne van hul ouers. Waar die gemiddelde vrugbaarheidskoers in Suid-Afrika in 1960 meer as 6 kinders was, is dit nou onder 2,5. Dié twee tendense verduidelik, volgens die outeurs, hoekom lyfstraf verdwyn. Die wedywering tussen ouers bring mee dat die “koste” van lyfstraf groter is. As die ma pak gee, word die pa ’n gunsteling. En omdat daar minder kinders is en ouers se inkomste aansienlik toegeneem het (deels omdat meer vroue as voorheen ’n salaris verdien), het ouers meer geld om in elke kind te investeer. Dit maak dit moontlik om kinders op ’n ander manier te straf. Waar ’n pak slae vroeër dalk jou voorland vir ’n onbesonne daad was, sal ouers nou eerder kinders se sakgeld weerhou of hul gedrag deur positiewe aansporings, soos geskenke, verander. Die groter bedingingsmag van kinders kan natuurlik ander gevolge ook hê, goed én sleg. Daar is geen twyfel nie dat ’n afname in lyfstraf goed was vir die fisieke en sielkundige ontwikkeling van kinders, veral vir dié wat in huishoudings grootword waar geweld alledaags is. Maar groter bedingingsmag beteken waarskynlik ook dat kinders meer gereeld hul sin kry. En soos die meeste ouers weet, wat kinders wil hê is nie noodwendig altyd wat goed is vir hulle nie. Hoe jy kinders motiveer om byvoorbeeld van die selfoon af te klim of minder TV te kyk, is vir baie ouers ’n uitdaging. (Dit geld natuurlik grootmense ook.) Wat die studie toon is hoe baie van ons gedrag eintlik maar diep ekonomiese beweegredes het. Ja, norme en waardes en wetgewing verander, maar hierdie veranderinge is baiekeer die gevolg eerder as die oorsaak van ekonomiese tendense. En dit is belangrik vir beleidmaking. As ons regtig lyfstraf verder wil beperk, gaan strenger wetgewing waarskynlik nie help nie. Maak dit eerder vir vroue makliker om tot die arbeidsmark toe te tree (deur, byvoorbeeld, salarisse gelyk te stel of vaderskapverlof uit te brei). “Klaargepraat” sal dan, vanweë die interaksie van ekonomiese faktore in die huishouding, outomaties minder gebruik word.

*Johan Fourie is medeprofessor in die ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch.